# Brandweerstasie kry ontspanningsarea

RIVERSDAL NUUS - Die plaaslike brandweerstasie het 'n ontspanningsarea bygekry.

Volgens Charl Wade, bestuurder van Suid-Kaap Brandbeskermings vereniging (SCFPA), is dit met groot trots en dankbaarheid dat die addisionele gedeelte aan die bestaande brandweerstasie aangebou kon word.

Alle bouwerk is deur die Eden Distriks Munisipaliteit (EDM), asook Working on Fire (WoF) se brandweermanne gedoen en almal het ingespring en gehelp waar hulle kon. Die boumateriaal is deur EDM verskaf.Die projek is feitlik voltooi, met net die nuutgeboude gedeelte se buitemure wat die laaste laag verf kort.

**'Ons bring jou die nuutste Riversdal | Hessequa nuus'**